Die familie van uitverkorenes

Teks: Matteus 25: 31 - 46
Teksverse: Matteus 25: 40 & 45

1. Inleiding

Geliefdes ons almal ken mos die gesegde “jy loop nie met jou geloof op jou mou nie”. ’n Mens se geloof is mos daardie intieme binnekamer saak, wat nie met ander mense gedeel word nie. En gaande weg verval ons almal in ’n sorgelose, moeitelose geheime Godsdiens beoefening. Maar wanneer Jesus laaste onderriggeleenthede op die olyfberg benut is die boodskap nie so eenvoudig nie.

In ons teksgedeelte gee Christus profesïe oor die laaste oordeel. En binne hierdie profesie is daar duidelike skape en bokke. Almal is nie maar eenvoudig gelyk nie. Die skape ontvang die genade van die ewige lewe. Maar die bokke word verdoem na die ewige hel. En ook in terme van ’n geheime Godsdiens benadering, is die uitspraak duidelik. Ons sien nie skape met bokvel oorgetrek of vermom nie. Daar is nie plek vir geheime Godsdiens beoefening in hierdie laaste oordeel nie.

Maar hoe lyk ’n eksterne geloofsbeofening wat nie dweep nie, as ons dit so kan stel. ’n Geloofsbeofening wat werklik die eer en verheerliking van die Here voorop stel. Wel die eerste saak wat duidelik geopenbaar word in die beeld van skaap, is dat ons nie alleen in die geloof is nie. Soos daar baie skape in ‘n trop is, is ons ook meer een mense wat die voorreg het om die geloof saam te beoefen.

Maar dieselfde is natuurlik ook waar van die bokke. Hulle kom ook in ’n trop voor. Nou is die ongemaklike vraag natuurlik, waar is ek tuis: by die beeld van die skape of van die boeke? En hoekom is ek op daardie spesifieke plek tuis? In genade gee Christus in ons teksgedeelte die toets of mate wat aangelê word om te bepaal of iemand deel van die beeld van die skape of die bokke is.

2. Konkrete meetbare uitkomste

Wanneer ons ’n mens diere klassifiseer, doen ons dit op voorkoms maar veral ook gedrag. Daar is gedrag wat eie is aan ’n elke dierspesie. Met die onderskeid tussen die mense wat aan die Here behoort en die wat nie aan Hom behoort nie, is dit dieselfde. Die konkrete meetbare uitkoms word duidelik in ons teksgedeelte geopenbaar. En dit is nie maar ’n figuurlike abstrakte saak wat self aan die gelowige oorgelaat word om te interpreteer nie. Nee, dit is baie prakties en direk in ons teksverse:

Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen…. en …. Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En getrou aan meeste die opdragte van die Here, is daar nie ’n ekstra klousule nie. Daar staan nie solank die geringes dit waardeer, of goeie mense is nie. Die eintlike swaartepunt van gelykenis lê in liefde bewys aan mense wat uit ’n wêreldse oogpunt nie vir my kan terug doen nie.

Spreuke 19:17 verduidelik die saak eintlik so mooi: “[17]Wie hom oor ’n arm mens ontferm, gee ’n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed. Die gaan oor die versorging van die kudde, dit waarmee die Here Homself voortdurend besig, en dit selfs tot en met die opoffering van Sy eniggebore Seun. En hierdie versorging waarmee ons kan help, is fisies, tasbaar, die het ’n finansiële waarde. Dit is meetbaar. Ja, selfs al weet die linkerhand nie wat die regterhand doen, in ware Matteus 6:3 sin van die woord nie, kan ons dit steeds meet. Ons kan uiteindelik meet wat die regterhand doen.

Wanneer die uitkoms van hierdie opmeting dan dit is wat in vers 35-36 beskrywe word is, is ons deel van die uitverkore kinders van die Here. “ [35]want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was ’n vreemdeling, en julle het My gehuisves; [36]Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek”

Maar wanneer die uitkoms van ons opmeting in vers 42 -43 beskrywe word is het ons probleme. “[42]want Ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors, en julle het My niks gegee om te drink nie; [43]Ek was ’n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie

klere gegee nie; siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie.'"

3. 'n Hart vir die geringe

Tog sal ons ook vinnig soos in vers 39 kan uitroep. "[39]Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek". En daarby skree my Gereformeerde oortuigings nie kliphard teen dit wat hier beskryf word. Die gesonde leer sê tog van die begin af dat geen mens gered kan word op grond van Sy dade nie. Want al ons dade so met sonde bevlek dat hulle nooit enige geregtigheid voor God bewerkstellig nie. So met ander woorde selfs al sou ons hierdie vir die Here wil doen, is ons nie in staat nie. Maar as ons werklik eerlik is in ons gereformeerde oortuigings, is die "is" in die vorige sin eintlik 'n "was".

Ons was nie in staat om enige iets goed te doen nie. Want Jesus gee hierdie lering in ons teksgedeelte aan die kerk en nie die ongelowige wêreld nie. Dit is mense wat reeds verlos en gered is. Dit is nie mens wat hulle goeie dade wil aanbied in ruil vir verlossing nie. Tog word die goeie dade is uiteindelik die bewys van ons verlossing. Want 'n goeie vrugteboom kan tog uiteindelik nie anders as om goeie vrugte te dra nie. En dit is wat in ons teksgedeelte geopenbaar word. Soos 'n skaap uiteindelik soos 'n skaap sal optree, en ook 'n bok soos 'n bok, so sal die gelowige soos 'n gelowige optree.

Tog kan ons steeds nie kos, drank, huisvesting, klere of selfs bemoedigende besoeke aan die Almagtige God gee nie. Die grens tussen aardse en hemelse realiteite is net te groot daarvoor. Maar dan is daar mense. Mense wat vir God belangrik is, selfs al is hulle in die wêreldse oë, weglaatbaar klein en onbelangrik. Sien dit werk eintlik so: Ek gee uiteindelik om vir die mense waarvoor my vriende en familie omgee. Die vriende van my vriende of familie word dikwels ook my vriende. Maar selfs al gebeur dit nie, sal ek steeds hierdie vriende van my vriende of familie in krisistye help, uit respek vir my familie en vriende.

Deel ons nog in Christus se hart vir die swak en gebroke mens. Hy wat die geknakte riet nie afbreek of die dowwe lappit nie uitbluis nie. Sien die wêreld se oortuiging is dat ek eenvoudig net na my eie gesin moet kyk, en die lye van omgee en diensbaarhied baie duidelik naby trek. Maar dit is die benadering wat by die beeld van die bokke pas. Die van die die skaap hou 'n benadering sagmoedige omgee in. Dit is om werklik 'n hart te hê, ja selfs ook vir die gering kantlyn mense van die samelewing. Ons word uiteindelik tog selfs beveel om ons vyande lief te hê as Christen gelowiges.

4. Gemeenskap van gelowiges

Maar dan is daar nog die laaste eienskap uit hierdie gedeelte. En dit is die saak oor gemeenskap. Soos ons reeds gesê het praat ons tog van skaap troppe, of troppe van bokke. Ons praat uiteindelik nie van 'n paar skape tussen 'n groot groep bokke nie. En dit is dan net so waar van die gemeenskap van die gelowiges. Want sien hierdie geringes wat in ons teksgedeelte beskryf word is nie maar net daardie vriend van my vriende of familie nie. Dit is uiteindelik ook my broer en suster in die gemeenskap van die gelowiges.

Tog is dit juis hier in die gemeenskap van gelowiges wat ons so maklik kan terugstaan en sê al hierdie dinge: honger en dorsverligting, gasvryheid of besoeke aan mense in moeilike tye is mos iemand anders se verantwoordelikheid. Die is die werk van die predikant, ouderlinge en diakens. Ek het nie die gawes en tyd daarvoor nie.

Ons as mense dink so maklik dat daar mos superskape in die besondere ampte tussen ons is, wat hierdie dinge kan doen. Ek wil eerder net eenkant gelos word om my geloof stil en op my eie manier uit te leef. Maar so 'n gedagte is vreemd aan hierdie gelykenis. Die beeld van die skaap beskryf 'n persoon met 'n omgee hart vir die swakeling, 'n omgeehart wat oorgaan tot aksie. In die gedagte van die gelykenis in ons teksgedeelte is 'n skaap wat nie so hart het nie, 'n bok.

Uiteindelik moet ons gemeenskap van gelowiges bekend wees vir die liefde wat ons eerstens na mekaar toe uitstraal, maar ook tweedens na die mense om ons gemeenskap van gelowiges. En hierdie is die roeping en opdrag aan ons almal, nie net aan 'n gedeelte van die gemeente nie. Want die liefde wat ons uiteindelik vir die geringe gelowige bewys, is uiteindelik die liefde wat ons ook aan die Here bewys.

Ons liggaam is die tempel van die Heilige Gees, en ons is geskape in die beeld van God. Dit is maar net twee van die soveel verskillende manier waarop die Here Sy noue

band met ons beskryf. En hierdie band is natuurlik nie net met die vooruitstrewende glanspersone in ’n samelewing nie. Hierdie verhouding is ook juis met die geringes. Het die nie tyd geword dat ons ook weer ons fokus baie beter en fyner instel nie?

5. Slot

Ons kan hierdie preek op ’n verdere beeldende manier afsluit. Ons God en hemelse Vader verbind ons as broers en susters in die geloof aan mekaar. Dit gebeur in ons verlossing in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus. Dit gebeur uit genade alleen en sonder enige verdienste van ons kant af.

Maar nou dat ons broers en susters in die geloof, is kom die verdere onderrig aan ons as uitverkore kinders van die Here. Soos goeie aardse ouers beveel die Here ons ook om om te gee vir ons sibbe. Ons moet ons broers en susters in die gemeenskap van die gelowiges so lief hê dat ons hulle altyd bystaan in krisistye en nie maar terugsit en vingerwysend wag dat ander broers en susters gaan help nie.

Verder leer ons Ons hemelse Vader ons natuurlik ook ’n hart na buite die gesin te hê. Om ook selfs in die bose wêreld te gaan help waar ons kan. Maar die selfs nog belangriker aspek van die onderrig van Christus vanoggend is die woord wat wat God al aan Samuel sê in 1 Samuel 16:7: ““Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.”

Die hart van die gelowige is juis by die mense wat in wêreldse term weglaatbaar klein en onbelangrik is. As uitverkore kinders van die Here is ons dit aan mekaar en die wêreld verskuldig.

Amen